# 454. IN U IS VREDE, REDDING EN VREUGDE

```
        D
1.      In U is vrede, redding en vreugde,
                                 A   D
        Yahshua Seun van Elohim.
        D
        Ons weet in lyding, gee U bevryding,
                                     A    D
        kom ons loof die groot Yahweh!
                            G
        U breek die bande van skuld en skande,
        D                      A
        U wat vergewe, U laat ons lewe,
                               D    A    D
        in U is vreugde. Hallelu - Yah!
                  G
        Ewige Koning, ons is U woning.
              D                A
        Ons bly behoue en in vertroue
                                     D    A    D
        sing ons van vreugde. Hallelu - Yah!

        D
2.      In U is vryheid, want U bring blyheid,
                                 A   D
        al ons skuld het U versoen.
        D
        Nie meer verlore, wedergebore
                                     A    D
        deur U Gees wat wonders doen.
                            G
        Vry kan ons nader tot Vader Yahweh.
        D                            A
        Niks wat ons ly nie, kan ons ooit skei nie,
                                D      A    D
        Hy is ons vrede, vrede wat bly!
                      G
        Heerlike gawes gee U weldadig;
              D                A
        hemel en aarde kry nuwe waarde.
                                D      A    D
        U is almagtig, U maak ons vry!
```

```
     D
3.   In U is vrede, redding en vreugde,
                             A   D
     want vir sondaars bring U hoop.
     D
     Ons is oorwinnaars, meer as oorwinnaars,
                            A   D
     want U liefde~het ons gekoop.
                   G
     Niks laat ons bewe, geen dood of lewe,
     D                  A
     engele, kragte, of vreemde magte –
                         D   A    D
     ons is oorwinnaars. Hallelu - Yah!
              G
     Niks wat ons ly nie, kan ons ooit skei nie,
          D             A
     skei van Yahshua; wat kan ons meer vra,
                       D    A    D
     U is ons vreugde. Hallelu - Yah!
```